Praktiese veiligheidswenke vir jou feestydvakansie

AfriForum

2026/2027-vakansietyd

Wees voorbereid. Bly paraat. Kom veilig tuis.



Inhoudsopgawe

Belangrike kennisgewing **1**

Inleiding **1**

1. Voor jy vertrek: jou vakansieveiligheidsplan **1**

2. Veilig op die pad **2**

Voertuiggereedheid 2

Wanneer jy deur wetstoepassers gestop word 2

Padblokkades en -kontroles 2

Alkohol en bestuur 2

3. Misdaadtendense om spesifiek na op te let **3**

Kapings en gewapende voertuigroof 3

Ontvoering tydens kaping of roof 3

Ysterpenne, klippe en ander mensgemaakte hindernisse 3

Afstandbeheer- en seinsteuring by voertuie 3

OTM- en bankbedrog 4

4. Beveilig jou huis as jy met vakansie weggaan **4**

Alarm, kameras en reaksie 4

Beligting en voorkoms 4

Heining, hek en toegang 4

Waardevolle items 4

Sosiale media en digitale privaatheid 4

5. As jy tuisbly **5**

6. Kinders en tieners tydens die vakansie **5**

7. Winkelsentrums, toeristeplekke en lughawens **5**

8. Plaas- en kleinhoeweveiligheid **6**

9. Persoonlike veiligheid en situasiebewustheid **6**

10. Jou gesin se noodplan **7**

11. Vinnige kontrolelys voor vertrek **7**

12. Finale wenk **7**

Belangrike kennisgewing

Hierdie gids bevat algemene veiligheids- en praktiese riglyne. Dit is nie regsadvies nie en vervang nie die instruksies van die SAPD, nooddienste, jou sekuriteitsmaatskappy of ’n gekwalifiseerde regs- of mediese praktisyn nie. Omstandighede verskil; gebruik goeie oordeel en prioritiseer lewe en veiligheid in alle gevalle.

Inleiding

Die feestyd bring meer mense op die paaie, in winkelsentrums, by toeristebestemmings en by kuierplekke. Huise staan ook vir langer tye leeg.

Statistieke SA se *Governance, public safety and justice survey 2025/26* beraam meer as 1,5 miljoen voorvalle van huisbraak,[1] wat sowat 1,08 miljoen huishoudings geraak het. Ongeveer 179 000 huishoudings het huisroof[2] ervaar. Diefstal van persoonlike eiendom was die algemeenste misdaad teen individue, met ’n geraamde 1,4 miljoen voorvalle. Die opname wys ook dat wapens in 82,2% van voertuigkapings gebruik is; in die meeste gevalle is vuurwapens gebruik om dié kapings uit te voer.

Kernbeginsel: Die doel van veiligheidsmaatreëls is nie om elke risiko uit te skakel nie, maar om gevaar vroeër raak te sien, tyd te wen, blootstelling te beperk en vinniger hulp te kry.

1. Voor jy vertrek: jou vakansieveiligheidsplan

1. Deel besonderhede oor jou roete, bestemming, verblyf en verwagte aankomstyd met minstens een betroubare persoon.
2. Stoor noodnommers en die nommer van jou sekuriteitsmaatskappy, AfriForum-beheerkamer, mediese fonds, versekeraar en ’n familiekontak op sowel jou foon as op papier.
3. Maak seker dat jou foon, kragbank en noodligte gelaai is. Hou ’n laaikabel in die voertuig.
4. Beplan brandstof- en russtoppe vooraf. Vermy sover moontlik onbekende of afgeleë stilhouplekke laat in die nag.
5. Hou ’n basiese noodhulpkissie, water, ’n glimbaadjie en flits, bandhersteltoerusting en ’n nooddriehoek in die voertuig.
6. Laai noodsaaklike kaarte of roete-inligting af vir gevalle waar selfoondata of -seine wegval.
7. Moenie jou volledige reisplan of die feit dat jou huis leeg staan vooraf of tydens jou vakansie op sosialemediaplatforms plaas nie. As jy vakansiefoto’s wil deel, doen dit wanneer jy terug is van vakansie.

---

[1] Huisbraak is wanneer iemand wederregtelik en opsetlik by jou huis inbreek of dit betree met die doel om ’n misdaad te pleeg – oorwegend diefstal.

[2] Huisroof is wanneer iemand op gewelddadige wyse inbreek om goed te steel en weerstand te oorkom.

2. Veilig op die pad

Voertuiggereedheid

1. Gaan bande (ook die noodwiel), remme, ligte, ruitveërs, olie, koelmiddel en battery voor ’n lang rit na.
2. Toets jou voertuig se opsporingstelsel en maak seker dat die noodkontakbesonderhede korrek is.
3. Hou die brandstoftenk verkieslik bo ’n kwart vol, veral op lang of onbekende roetes.
4. Moenie bagasie, skootrekenaars, kameras of handsakke sigbaar in ’n geparkeerde voertuig laat nie.

Wanneer jy deur wetstoepassers gestop word

Wetstoepassers mag voertuie stop en bestuurders moet wettige opdragte gehoorsaam. As jy onseker of onveilig voel, verminder spoed, skakel jou waarskuwingsligte aan en wys dat jy die opdrag erken. Beweeg waar dit redelik en veilig is na ’n goed beligte openbare plek sonder om weg te jaag of verkeersreëls te oortree.

1. Bly kalm en hou jou hande sigbaar.
2. Vra beleefd vir die beampte se naam en aanstellingsertifikaat indien jy oor die identiteit twyfel.
3. Moenie omkoopgeld aanbied of betaal nie.
4. Moenie inhegtenisneming op enige wyse teenstaan nie. Indien jy meen jou regte is geskend, skryf die besonderhede neer en kry regsadvies daarna.
5. Waar dit veilig en wettig gedoen kan word, kry besonderhede soos die voertuigregistrasie, plek, tyd en name.

Belangrik: Moenie ’n konfrontasie langs die pad eskaleer om ’n regspunt te probeer bewys nie. Jou onmiddellike veiligheid kom eerste.

Padblokkades en -kontroles

Formele padblokkades en roetine-padkontroles verskil wat betref regsgrondslag en bevoegdhede. ’n Motoris behoort wettige instruksies te volg. Indien ’n deursoeking plaasvind en jy is onseker oor die grondslag daarvan, vra kalm op watter bevoegdheid of toestemming die deursoeking berus. Moenie fisiek weerstand bied nie; maak eerder ’n aantekening van die omstandighede vir latere regsadvies.

Alkohol en bestuur

Die veiligste reël is eenvoudig: Moenie bestuur as jy alkohol gebruik het nie. Reël vooraf ’n aangewese bestuurder, betroubare vervoer of oornagverblyf. Feestydoperasies fokus gereeld op bestuur onder die invloed, onwettige vuurwapens, dwelms, kapings en ander ernstige misdade.

3. Misdaadtendense om spesifiek na op te let

Kapings en gewapende voertuigroof

Kapings bly ’n hoërisikomisdaad omdat dit dikwels gewapend is. Statistieke SA se 2025/26-opname dui aan dat wapens in meer as 8 uit 10 kapings gebruik is. Vermy daarom gedrag wat jou vaskeer of jou aandag van jou omgewing wegneem.

1. Hou genoeg ruimte voor jou voertuig by verkeersligte en stoptekens sodat jy kan beweeg wanneer jy moet.
2. Sit jou foon weg wanneer jy by ’n kruising of hek stilstaan.
3. Wees veral waaksaam wanneer jy by jou huis, gastehuis of vakansieplek aankom.
4. Moenie huis toe ry as ’n verdagte voertuig jou volg nie. Ry na ’n polisiestasie, sekuriteitspunt, brandweerstasie of besige, goed beligte plek en bel vir hulp.
5. Indien die kaping reeds aan die gang is en jy nie veilig kan ontsnap nie, is lewe baie belangriker as eiendom. Moenie skielik beweeg nie en volg instruksies indien dit jou nie in groter onmiddellike gevaar plaas nie.

Ontvoering tydens kaping of roof

Onlangse gevalle wys dat kaping en ontvoering in sommige gewelddadige voorvalle saam voorkom. Dit maak vroeë waarskuwing en reisdeling belangriker. Deel jou lewendige ligging met ’n betroubare persoon wanneer jy ’n onbekende of hoërisikoroete ry, en stel hulle in kennis wanneer jy veilig aangekom het.

Ysterpenne, klippe en ander mensgemaakte hindernisse

Misdadigers plaas steeds voorwerpe in paaie om voertuie te beskadig en motoriste te dwing om stil te hou. Die kernbeginsel uit die vorige gids bly geldig: As jou voertuig ná ’n verdagte voorval nog bestuurbaar is, probeer na ’n veiliger, verligte of bemande plek ry voordat jy stilhou. Bel onmiddellik vir hulp en deel jou presiese ligging.

1. Verminder spoed in donker gebiede waar sig beperk is, maar moenie onnodig langs ’n afgeleë pad stilhou nie.
2. Moenie uitklim om klippe, puin of voorwerpe in ’n donker pad te ondersoek as die omstandighede verdag lyk nie.
3. As jy wel moet stilhou, sluit die deure, bly sover moontlik in die voertuig en gee jou ligging aan nooddienste of jou veiligheidstruktuur.

Afstandbeheer- en seinsteuring by voertuie

1. Moenie aanvaar jou voertuig het gesluit omdat jy die afstandbeheer gedruk het nie. Trek aan ’n deurhandvatsel voordat jy wegstap om seker te maak dat jou voertuig inderdaad gesluit is.
2. Sluit die voertuig wanneer jy nog naby daaraan staan; moenie dit van ver af sluit nie.
3. Moenie bankkaarte, ID-dokumente, huissleutels of elektroniese toestelle permanent in die voertuig bêre nie.

OTM- en bankbedrog

1. Moenie hulp van vreemdelinge by ’n OTM aanvaar nie.
2. Bedek die sleutelbord wanneer jy jou PIN intik.
3. As ’n kaart ingesluk word of ’n transaksie verdag lyk, gebruik slegs jou bank se amptelike toep of nommer om die kaart onmiddellik te kanselleer.
4. Wees versigtig vir oproepe of boodskappe van ’n bankbeampte wat beweer daar is bedrog op jou rekening en dan jou PIN, OTP of banktoepassing se goedkeuring vra. ’n OTP is ’n sleutel tot jou geld – moet dit nooit met iemand deel nie.

4. Beveilig jou huis as jy met vakansie weggaan

Alarm, kameras en reaksie

1. Toets die alarm, paniekknoppies, kameras en rugsteunkrag voordat jy vertrek.
2. Maak seker dat die besonderhede van die reaksiediens en die persoon wat jou huis se sleutel het korrek is.
3. Maak seker dat jou kameras die hek, oprit en belangrike toegangspunte dek en dat kennisgewings op jou foon werk.

Beligting en voorkoms

1. Gebruik tyd- of slimskakelaars om die huis se ligte op realistiese tye aan en af te skakel.
2. Moenie die buiteligte permanent dag en nag laat brand nie; dit kan juis afwesigheid aandui.
3. Reël dat iemand pos, pamflette en vullis verwyder en die tuin versorg.

Heining, hek en toegang

1. Toets jou elektriese heinings en hekmotors. Beveilig die hekmotor teen maklike verwydering.
2. Maak seker dat skuifhekke nie maklik van hulle spoor gelig kan word nie.
3. Moenie spaarsleutels op voorspelbare plekke buite wegsteek nie.

Waardevolle items

1. Bêre vuurwapens, dokumente, juweliersware en ander duursame items volgens toepaslike wetlike en veiligheidsvereistes.
2. Moenie nuwe elektronika se bokse sigbaar by die vullis los nie.
3. Hou reeksnommers, foto’s en bewys van eienaarskap van waardevolle items op ’n veilige digitale plek.

Sosiale media en digitale privaatheid

1. Plaas jou vakansiefoto’s eerder nadat jy terug is, of beperk die gehoor streng.
2. Skakel die liggingsmerkers op foto’s af indien jy nie wil hê jou presiese ligging moet sigbaar wees nie.
3. Moenie foto’s van instapkaarte (Engels: *boarding passes*), voertuigregistrasie- en huisnommers, kinders se skoolbesonderhede of reisbesprekings op sosialemediaplatforms of elders plaas nie.
4. Waarsku jou gesin dat misdadigers openbare inligting kan gebruik om geloofwaardige (maar valse) noodboodskappe of swendelary soos “Jou ma/pa/boetie/sussie is in die moeilikheid” te skep.

5. As jy tuisbly

1. Hou jou hekke en veiligheidsdeure gesluit – ook wanneer jy tuis is.
2. Moenie buite gaan ondersoek instel as jy 'n geluid, lopende kraan, huilende persoon of alarm hoor wanneer die situasie verdag is nie. Kry hulp en gebruik kameras of 'n veilige uitkykpunt om enige ongemagtigde mense op jou eiendom te kan raaksien.
3. Bêre jou sleutels en afstandbeheerders weg van vensters en deure.
4. Moenie vreemdelinge deur die hek laat kom bloot omdat hulle 'n uniform dra of beweer om 'n diens te lewer nie. Verifieer die besoek by die maatskappy of instansie wat hulle verteenwoordig.
5. Meld verdagte voertuie, persone of herhaalde waarneming by jou buurtwag, gemeenskappolisiëringsforum, sekuriteitsdiens of SAPD aan.
6. Hou 'n gelaaide selfoon en flits byderhand in geval van kragonderbrekings of tegniese foute.

6. Kinders en tieners tydens die vakansie

Dit is uiters belangrik dat kinders en tieners basiese veiligheidsmaatreëls ken en nakom.

1. Maak seker jong kinders ken hul ouer of voog se volle naam en kontaknommer.
2. Kies by groot geleenthede vooraf 'n ontmoetingspunt vir ingeval iemand wegraak.
3. Leer kinders dat hulle nie saam met 'n onbekende volwassene moet gaan om 'n troeteldier te soek, 'n pakkie te dra of "mamma/pappa te help" nie.
4. Gebruik 'n kodewoord in julle gesin vir wanneer iemand anders byvoorbeeld onverwags 'n kind by die skool moet gaan haal.
5. Tieners moet weet dat werk-, model-, sport- of reisaanbiedinge verdag kan wees as dit geheime ontmoetings, voorafbetalings of privaat foto's vereis.
6. Maak seker jy weet by wie jou kind kuier, waar hulle is, wie toesig hou en hoe om die verantwoordelike volwassene te bereik.
7. Indien 'n kind vermis raak, begin onmiddellik optree: Waarsku die sekuriteit of polisie, verskaf 'n onlangse foto en klerebeskrywing, en moenie wag vir 'n sogenaamde 24-uur-tydperk nie.

7. Winkelsentrums, toeristeplekke en lughawens

1. Hou selfone en beursies in 'n voorste of geslote sak en moenie jou handsak oor 'n stoelrug laat hang nie.
2. Wees versigtig wanneer iemand jou aandag probeer aflei terwyl 'n tweede persoon naby jou bagasie of voertuig beweeg.
3. Moenie jou bagasie alleen laat nie, selfs nie vir 'n kort tyd nie.
4. Gebruik slegs vervoer wat jy vooraf deur 'n betroubare, verifieerbare diens gereël of bespreek het. Bevestig die voertuigregistrasienommer en bestuurder se naam voordat jy inklim.
5. Betaal waar jy kan met jou slimfoon of -horlosie. Moenie groot bedrae kontant tel of ruil waar dit sigbaar is nie.
6. Wanneer jy by die lughawe aankom en jy stap vanaf die parkering na die gebou, maak seker jy word nie agtervolg nie. As jy nog in jou motor is en agtervolg word, ry na die naaste

polisiestasie. As jy reeds uitgeklim het en op pad is na die lughaweterminaal, stap na die naaste lughawepolisie of -sekuriteitsbeampte.

7. Nadat jy by 'n lughawe geland het en wegry, maak seker dat geen voertuig jou vanaf die lughawe agtervolg nie. Indien jy vermoed dat jy agtervolg word, ry na die naaste polisiekantoor en nie na jou huis of verblyfplek nie.

8. Plaas- en kleinhoeweveiligheid

Afgeleë eiendomme vereis lae van veiligheid: vroeë waarskuwing, fisieke vertraging, kommunikasie en 'n voorafbeplande reaksie. Beraam 'n praktiese gesinsplan wat samewerking met plaaslike veiligheidstrukture insluit.

1. Leer ken jou bure en sluit by 'n funksionele plaas- of buurtwag aan. Toets jou radio- en noodkommunikasie gereeld.
2. Skep 'n veilige sone of kamer met 'n sterk deur, kommunikasie, noodligte, noodhulpmiddels en noodsaaklike medisyne.
3. Toets heinings, strale, kameras, alarms en rugsteunkrag. Tegnologie wat nie werk nie, skep 'n vals gevoel van veiligheid.
4. Beperk wegkruipplekke naby die huis deur die plantegroei gereeld te snoei.
5. Hou alle toegangspunte skoon en oop sodat daar geen versperring vanuit jou huis of voor sekuriteitskameras is nie.
6. Wissel voorspelbare roetines waar dit sinvol is, maar skep ook 'n kontroleer-mekaar-roetine met bure of familie.
7. Moenie ná donker jou huis verlaat om 'n verdagte geluid of lokmiddel te ondersoek nie. Ontbied eerder (gewapende) ondersteuning.
8. Wanneer jy na 'n afgeleë huis terugkeer, kyk vir tekens van versteuring, vreemde voertuie, oop hekke of voorwerpe in die toegangspad voordat jy jouself vasry.
9. Hou 'n bygewerkte lys by van werknemers, kontrakteurs en gereelde besoekers volgens toepaslike privaatheids- en arbeidswetgewing. Beperk ook onnodige toegang tot sensitiewe veiligheidsinligting.

9. Persoonlike veiligheid en situasiebewustheid

1. Wees bewus van jou omgewing; moenie gedurig na jou foon staar nie.
2. Let op gedrag wat nie by die omgewing pas nie: iemand wat herhaaldelik jou bewegings volg, voertuie wat sonder rede rondstaan of mense wat toegangspunte dophou.
3. Vertrou vroeë ongemak. Jy hoef nie eers seker te wees dat iemand gevaarlik is voordat jy afstand skep of na 'n veiliger plek beweeg nie.
4. Moenie oorfone dra wat jou situasiebewustheid heeltemal wegneem in parkeerareas, op straat of by OTM's nie. Gebruik soveel moontlik van jou sintuie om die omgewing om jou te beheer.
5. As jy vermoed jy word te voet gevolg, stap na personeel, sekuriteit of 'n besige plek. Moenie na jou motor of huis gaan as dit jou gaan isoleer nie.

10. Jou gesin se noodplan

'n Plan wat vooraf bespreek en geoefen is, werk beter as 'n plan wat eers tydens 'n krisis uitgedink word.

1. Wie bel die sekuriteit- of nooddienste, of die SAPD?
2. Wie aktiveer die alarm of buurtwag?
3. Waarheen beweeg gesinslede indien daar 'n huisinbraak of brand is?
4. Wat is die gesin se kodewoord vir onmiddellike gevaar?
5. Wie is die kontakpersoon buite die huishouding?
6. Waar is die noodhulpkissie, brandblusser en noodlig?
7. Hoe word troeteldiere hanteer sonder dat iemand hulself in gevaar stel?

Oefen dit in: Doen minstens een eenvoudige gesinsoefening voor die vakansie. Die doel is nie om jou kinders bang te maak nie, maar om almal se rol duidelik te maak.

11. Vinnige kontrolelys voor vertrek

- ☐ Die alarm, kameras en paniekknoppies is getoets.
- ☐ Hekke, heinings, deure en vensters is nagegaan.
- ☐ Die reaksiediens en sleutelhouer se besonderhede is bevestig.
- ☐ Alle voertuie is nagegaan en opsporingstelsels is getoets.
- ☐ 'n Noodhulpkissie, water, flits en kragbank is ingepak.
- ☐ Die roete en aankomstyd is met 'n betroubare persoon gedeel.
- ☐ Iemand verwyder jou pos, en versorg jou tuin en troeteldiere.
- ☐ Waardevolle items is beveilig.
- ☐ Sosialemediaplasings is beperk.
- ☐ Noodreëls en ontmoetingspunte is met jou kinders bespreek.

12. Finale wenk

Onthou: Misdaadpatrone kan vinnig verander en verskil afhangende die provinsie en roete. Raadpleeg plaaslike veiligheidstrukture en amptelike waarskuwings kort voordat jy vertrek. Kontak gerus AfriForum se noodnommer by 087 711 5911 as jy meer inligting oor misdaadpatrone wil hê.